# DIE SKIETLOOD

193ste Uitgawe 20 Augustus 2021
saam met Koersvas 193

## Die Dordtse Leerreëls

**Tweede hoof leerstuk; Die dood van Christus en die verlossing van die mense deur sy dood**

**Teks Artikel 6.** Baie wat deur die evangelie geroep is, bekeer hulle nie, glo nie in Christus nie, maar sterf in ongeloof. Dit gebeur, nie omdat die offer wat Christus aan die kruis volbring het, gebrekkig of onvoldoende is nie, maar deur hul eie skuld. *Quod autem multi per Evangelium vocati non resipiscunt, nec in Christum credunt, sed infidelitate pereunt, non fit hoc hostiæ Christi in cruce oblatæ defectu, vel insufficientia, sed propria ipsorum culpa.*

**Verklarende kommentaar**

Daar is een van twee reaksies moontlik by die aanhoor van die Evangelie. Mense kan in twee groepe verdeel word. Een groep hoor en glo. Die ander groep hoor en glo nie. Albei groepe kom tot sterwe. Die groep wat glo, ontvang die ewige lewe. Die groep wat nie glo nie, gaan die ewige dood in omdat hulle in ongeloof gesterf het.

Hierdie ongeloof is nie die resultaat van een of ander gebrek of defek in die Evangelie nie. Dit is ook nie dat die genade onvoldoende of onvolmaak is nie. Die soenoffer van Christus en die Evangelie wat hierdie genade verkondig is sonder fout, defek of tekort. Dit is elke mens se eie skuld indien daardie mens in ongeloof tot sterwe kom. Dit is nie dat daar te min of foutiewe inligting aan hulle gegee is nie.

Na die dood is daar geen geleentheid om van plan te verander nie. Dit is net in hierdie bedeling en in hierdie tyd, by hierdie geleentheid (by wyse van spreke), wat die mens die Evangelie moet aanvaar, of by afsterwe verlore gaan.

Dit moet net weer beklemtoon word. Daar is geen gebrek sover dit die genade van God betref nie. Dit is elke mens se eie skuld indien daardie mens - na aanhoor van die Evangelie - in ongeloof sterwe. Jesus se soenoffer aan die kruis was genoegsaam, voldoende, meer as oorvloedig.

**Teks Artikel 7**. Almal wat egter waarlik glo en deur die dood van Christus van die sonde bevry en van die verderf gered word, ontvang hierdie weldaad slegs uit die genade van God. Hierdie genade is van ewigheid af in Christus aan hulle gegee, sonder dat Hy dit aan enigiemand verskuldig is. *Quotquot autem vere credunt, et per mortem CHRISTI a peccatis, et interitu liberantur ac servantur, illis hoc beneficium, ex sola Dei gratia, quam nemini debet, ab æterno ipsis in Christo data, obtingit.*

**Verklarende kommentaar**

Die vorige artikel se klem op die mens se eie skuld, vind nou 'n nodige korrektief. Dit is diegene wat verlore gaan se eie skuld dat hulle in die verderf ingaan. Menslike logika en eiewaan sou nou tot die gevolgtrekking wil kom dat die mens wat reg kies, homself deur die keuse gered het. In antwoord op hierdie foutiewe logika kom Artikel 7 nou en bring die volgende perspektief.

Ons redding is 'n weldaad van God. Die mens se logiese einde is die verderf. Die mens kan kies om in daardie verderf te bly. Diegene wat gered word, word nie uit eie toedoen gered nie. Redding is 'n weldaad van God, gegee uit genade. Twee kwalifikasies ten opsigte van hierdie genade moet beklemtoon word naamlik; die konteks en die motivering.

Wat die konteks betref die volgende: Die genade wat God gee deur die dood en opstanding van Christus in hierdie bedeling, is 'n geskenk los van hierdie bedeling. Van ewigheid af (*ab æterno*) verwys daarna dat God se genade nie aan hierdie bedeling gebind is nie, dit word in hierdie bedeling uitgegiet. Dit is met ander woorde nie iets in hierdie werklikheid wat God genoop het om hierdie genade uit te giet nie. Meer nog, dit is nie iets wat hier gebeur het (sondeval) wat gemaak het dat God "skielik" genadig moes word nie. Dit is totaal en al God se keuse om vanuit Sy werklikheid ons in hierdie skepping genadig te wees.

Die motivering is volgens die Bybel God se liefde. God is niks aan enige wese verskuldig nie. Dit is nie op gerond van 'n guns of gawe dat God genade gee nie. Hy is nie vergifnis en genade aan ons verskuldig nie. God kies om uit eie oorweging Sy genade aan ons te gee. Romeine 11:33-36: *" o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees? Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word? Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.*

**Teks Artikel 8**. Dit was immers die volkome vrye raadsbesluit, genadige wil en voorneme van God die Vader, dat die lewendmakende en saligmakende krag van die uiters kosbare dood van sy Seun al die uitverkorenes tot voordeel sal strek. So het God slegs aan die uitverkorenes die regverdigende geloof geskenk om hulle daardeur onfeilbaar salig te maak. Dit wil sê: Dit was die wil van God dat Christus deur die bloed van die kruis - waarmee Hy die nuwe verbond bevestig het - uit elke volk, stam, geslag en taal húlle en hulle alleen kragdadiglik sal verlos, wat van ewigheid af tot die saligheid uitverkies en deur die Vader aan Hom gegee is. Ook was dit die wil van God dat Christus aan hulle die geloof sal gee wat Hy, soos ook die ander saligmakende gawes van die Heilige Gees, deur sy dood vir hulle verwerf het. Verder, dat Hy hulle van al hulle sondes - sowel die erfsonde as die daadsonde wat ná en vóór die geloof begaan is - deur sy bloed sal reinig. Ten slotte, dat Hy hulle tot die einde toe getrou sal bewaar, en uiteindelik sonder enige vlek of rimpel in heerlikheid by Hom sal neem. *Fuit enim hoc Dei Patris liberrimum consilium, et gratiosissima voluntas atque intentio, ut mortis pretiosissimæ Filii sui vivifica et salvifica efficacia sese exereret in omnibus electis, ad eos solos fide justificante donandos, et per eam ad salutem infallibiliter perducendos: hoc est, voluit Deus, ut Christus per sanguinem crucis (quo novum fœdus confirmavit) ex omni populo, tribu, gente, et lingua, eos omnes et solos, qui ab æterno ad salutem electi, et a Patre ipsi dati sunt, efficaciter redimeret, fide (quam, ut et alia Spiritus Sancti salvifica dona, ipsis morte*

*sua acquisivit) donaret, ab omnibus peccatis, tum originali, tum actualibus, tam post, quam ante fidem commissis sanguine suo mundaret, ad finem usque fideliter custodiret, tandemque absque omni labe et macula gloriosos coram se sisteret.*

**Verklarende kommentaar**

Artikel 8 het die potensiaal om mense op 'n dwaalspoor te bring; indien die artikel in sy geheel en in sy algehele betekenis nie eers vasgestel word nie. Op hulle eie geneem, kan die sinne tot verwarring en drog-argumente lei. Daar is 'n goeie rede vir die keuse van die opstellers om hierdie artikel so te verwoord in een artikel. Hier is met ander woorde een sentrale gedagte wat aan die orde kom. Die verskillende sinne het ten doel om, in aansluiting met mekaar, die sentrale boodskap oor te dra. Al sou die sinne afsonderlik in ander kontekste met ander woorde 'n ander boodskap kon onderstreep, moet ons hier die sinne in hulle konteks en in wisselwerking met mekaar interpreteer.

In kort sou ons kon stel dat God se genade volledig is, dat die gelowiges wat gered is, ten volle gered is, dat hierdie gelowiges uit alle volke, tale en nasies versamel is en dat hierdie gawe alles vir altyd insluit.

Dit beteken dat daar geen mens of volk is wat enige deel van God se gawe verdien of kan verwerf nie. Enige menslike insette word volledig uitgesluit. Hierdie stelling wil nie determinisme aan die hand werk nie, dit het ten doel om enige sweempie van menslike verdienste of teorie aangaande medewerking in die kiem te smoor. Daar is binne die artikel sekere gedagte eenhede wat uitgelig kan word:

Die eerste is dat dit God se eie en volledige besluit is. Hierdie besluit van God is tot voordeel van alle gelowiges. Jesus se kosbare bloed is nie tevergeefs gegiet nie. Hierdie offer van Jesus bring lewe en saligheid vir alle gelowiges. Daar was al vantevore verwys na die Dordtse leerreëls as 'n interne lering wat vir Christene tot troos moet wees en enige vorm van werkgeregtigheid moet teenwerk. Dit is teen daardie agtergrond wat ons na gelowiges kan verwys as die uitverkorenes van God.

Daarmee saam is hierdie saligheid 'n geskenk wat nie aan die gebrokenheid van hierdie wêreld uitgelewer is nie. Dit is 'n onfeilbare (*infallibiliter*) werklikheid van God se genade.

Die kruisdood en opstanding van Christus het bewerkstellig dat elke gelowige uit elke tyd, uit elke geslag ten volle aan God behoort. Gelowiges kan veilig lewe in die versekering dat die volle prys betaal is en dat daar niks kan gebeur wat hierdie saligheid kan vernietig nie.

God gee nie net hierdie geloof aan Sy kinders nie, Hy gee ook ander gawes, soos die Heilige Gees, aan elkeen wat op pad is na die ewige bestemming.

Hierdie genadige gawe in die verlede is so kragtig dat dit nie net die erfsonde se prys betaal het nie, maar elke sonde gepleeg in die menslike toestand, se volle prys betaal het. Soos die Doopformulier stel, "indien ons uit swakheid sondig, moet ons nie aan die genade van God twyfel nie ..."